Skryf 'n vergelyking vir die volgende en los dit op:

Vyf keer 'n sekere getal minus vier is gelyk aan vyf en negentig.



Tekem:

Datum:

$$-2x = 30$$

Wat beteken $-2x$?

$-2x$ beteken negatief twee vermenigvuldig met x

Wat is die omgekeerde bewerking van vermenigvuldiging?

deling

Ons moet $-2x$ deur -2 deel om x op te los.

$$\frac{-2x}{-2} = \frac{30}{-2}$$

$$x = -15$$

Onthou, jy moet die skaal balanseer. Wat jy aan die een kant van die gelykaanteken doen, moet jy ook op die ander kant doen.



1. Los op vir x .

Voorbeeld:

$$\begin{aligned} -3x &= 12 \\ \frac{-3x}{-3} &= \frac{12}{-3} \\ x &= -4 \end{aligned}$$

a. $-5x = 60$

b. $-2x = 24$

c. $-12x = 48$

d. $-7x = 21$

e. $-15x = 60$

f. $-9x = 54$

g. $-5x = 10$

h. $-12x = 36$

i. $-8x = 64$

2. Los op vir x .

Voorbeeld:

$$\begin{aligned}-3x - 2 &= 10 \\ -3x - 2 + 2 &= 10 + 2 \\ \frac{-3x}{-3} &= \frac{-12}{-3} \\ x &= -4\end{aligned}$$

a. $-2x - 5 = 15$

b. $-9x - 4 = 32$

c. $-3x - 3 = 18$

d. $-3x - 2 = 22$

e. $-8x - 4 = 12$

f. $-20x - 5 = 95$

g. $-12x - 5 = 55$

h. $-7x - 3 = 25$

i. $-2x - 2 = 18$

Probleemoplossing

Skryf 'n vergelyking en los dit op.

- Negatief twee maal y is gelyk aan negatief twaalf.
- Negatief drie maal a is gelyk aan negatief vyf en negentig.
- Negatief vyf maal b is gelyk aan negatief sestig.
- Negatief vier maal d is gelyk aan vier en veertig.
- Negatief drie maal x is gelyk aan dertig.
- Negatief twee maal y is gelyk aan vier en sestig.
- Negatief nege maal m is gelyk aan een honderd en agt.
- Negatief ses maal a is gelyk aan ses en sestig.
- Negatief vyf maal b is gelyk aan vyftien.
- Negatief agt maal c is gelyk aan veertig.



Tekem:

Datum:

As $y = x^2 + 1$; bereken y wanneer $x = -3$

$$y = (-3)^2 + 1$$

$$y = 9 + 1$$

$$y = 10$$

Toets

$$y = x^2 + 1$$

$$10 = (-3)^2 + 1$$

$$10 = 9 + 1$$

$$10 = 10$$

1. Vervang (substitueer)

Voorbeeld: As $y = x^2 + 2$; bereken y wanneer $x = -4$

$$y = (-4)^2 + 2$$

$$y = 16 + 2$$

$$y = 18$$

Toets

$$y = x^2 + 2$$

$$y = (-4)^2 + 2$$

$$y = 16 + 2$$

$$18 = 18$$

a. $y = x^2 + 3$; $x = 3$

b. $y = b^2 + 3$; $b = 4$

c. $y = x^2 + 2$; $x = 4$

d. $y = q^2 + 9$; $q = 5$

e. $y = c^2 + 1$; $c = 7$

f. $y = p^2 + 6$; $p = 2$

g. $y = d^2 + 7$; $d = 9$

h. $y = x^2 + 5$; $x = 3$

i. $y = f^2 + 8$; $f = 10$

j. $y = x^2 + 4$; $x = 12$

2. Vervang en bereken.

Voorbeeld: As $y = x^2 + \frac{2}{x}$; bereken y wanneer $x = -4$

$$y = (-4)^2 + \frac{2}{-4}$$

$$y = 16 + \frac{1}{-2}$$

$$y = 15\frac{1}{2}$$

Toets

$$y = x^2 + 1$$

$$y = (-4)^2 + 2$$

$$y = 16 + 2$$

$$18 = 18$$

a. $y = x^2 + \frac{2}{x}; x = -4$

b. $y = x^2 + \frac{10}{x}; x = 15$

c. $y = x^2 + \frac{6}{x}; x = -6$

d. $y = x^2 + \frac{5}{x}; x = -10$

e. $y = x^2 + \frac{5}{x}; x = -10$

f. $y = x^2 + \frac{4}{x}; x = -16$

g. $y = x^2 + \frac{1}{x}; x = -9$

h. $y = x^2 + \frac{2}{x}; x = -8$

i. $y = x^2 + \frac{2}{x}; x = -2$

j. $y = x^2 + \frac{1}{x}; x = -2$

Probleemoplossing

Wat is die verskil tussen die waarde van y in $y = x^2 + 2$, as jy eers y met **3** en daarna met **-3** vervang? Maak gebruik van vervanging (substitusie).

y is gelyk aan x tot die mag twee plus vier gedeel deur x , as x gelyk is aan agt. Vervang en bereken.

y is gelyk aan p tot die mag twee plus twee gedeel deur p , as p gelyk is aan vier. Vervang en bereken.

y is gelyk aan b tot die mag twee plus vyf gedeel deur b , as b gelyk is aan 10. Vervang en bereken.

y is gelyk aan m tot die mag twee plus drie gedeel deur m , as m gelyk is aan vier. Vervang en bereken.

y is gelyk aan n tot die mag twee plus nege gedeel deur n , as n gelyk is aan drie. Vervang en bereken.



Tekem:

Datum:

Data-insameling is 'n siklus. In die volgende werksblad gaan ons oor hierdie siklus leer. Die deel waaroor ons gaan leer, sal in **groen** wees, met enkele aantekeninge.



Wat benodig jy om die gewildste sport in die klas te bepaal?



Ek sal elkeen in die klas moet vra om sy of haar gunstelingsport te kies.

As ons iets moet weet, moet ons begin deur **vrae te stel**. Wat dink jy is die regte vraag om te vra?

Voorbeeld:

Voordat jy begin om navorsingsdata in te samel, moet jy weet watter vraag of vrae jy moet stel.

'n Goeie beginpunt is om 'n hipotese te formuleer. 'n Hipotese is 'n spesifieke stelling of voorspelling. Die navorsing sal bepaal of dit waar of onwaar is.

Hier is enkele voorbeelde van 'n hipotese:

- Almal in Graad 7 besit 'n selfoon.
- Alle Graad 7s verstaan vierkantwortels.
- Alle Graad 7s hou van kitskos.

1. Waar sal jy na data soek om antwoorde op hierdie vrae te verskaf?

a. Wat is die bevolking van die wêreld?	b. Watter leerder drink die meeste water?
c. Wat is die koers van bevolkingsgroei in Suid-Afrika?	d. Wat is die bevolkingsdigtheid in hierdie dorp?
e. Watter tale word in hierdie omgewing gepraat?	f. Wat is Suid-Afrika se gewildste kossoort?
g. Wat is die land se ouderdomstruktuur?	h. Wat is die lewensverwagting in Suid-Afrika?
i. Watter land het die jongste bevolking?	j. Wat is die gewildste kossoorte in hierdie skool?

Primêre navorsing

wanneer ons self die data insamel

Sekondêre navorsing

wanneer ons data gebruik wat deur ander mense ingesamel en ontleed is

2. Is dit altyd moontlik om data direk van die oorspronklike bron in te samel?



Tekem:

Datum:

vervolg ➡

137

3. Om die data van Vraag 1 in te samel, sal jy primêre of sekondêre navorsing of albei doen?

4. Gestel jy wil die gunstelingkleure van mense by jou skool uitvind, maar jy het nie die tyd om almal te vra nie, hoe sal jy te werk gaan om die inligting te kry?

5. Hoe kan ons verseker dat die resultaat nie sydig is nie?

As jy slegs mense ondervra wat vriendelik lyk, sal jy weet wat vriendelike mense dink!

As jy na die swembad gaan en vir mense vra of hulle kan swem, sal jy 'n sydig antwoord kry ... waarskynlik sal 100% "Ja" antwoord.

6. Hoe sou jy 'n vraelys ontwerp?

'n Algemene metode om **primêre data** in te samel is om 'n **opnamevraelys** te gebruik.

Daar is verskillende soorte **vraelys**te en dit word op verskeie maniere uitgevoer.

Die vier belangrikste metodes om 'n opname met behulp van 'n vraelys uit te voer is:

Aangesig tot aangesig

Per pos

Per telefoon

Per internet

Daar is verskillende maniere om die vraelys te ontwerp. Jy kan die volgende gebruik:

- Ja/nee-vrae
- Maak regmerkies in blokkies vir meerkeusevrae
- Woordreaksies/woordresponse
- Vrae wat vereis dat 'n sin geskryf word.

'n Navorsingsprojek

Hoeveel water drink leëders in die skool?

- Skryf 'n hipotese.
- Hoe sal jy die data bekom om die hipotese te bewys of te weerlê? Sal dit primêre of sekondêre data wees?
- Vind enige sekondêre navorsingsdata oor hierdie onderwerp.
- Vir wie behoort ons te vra?
- Wat sal ons uit die data leer? (Watter vrae sal jy oor die data stel?)
- Dink jy die data kan ons help om die navorsingsvraag te beantwoord?
- Ontwikkel enkele geskikte vrae.
- Ontwerp 'n eenvoudige vraelys wat vir sowel Ja/Nee-tipe reaksies as response uit meervoudige keuse voorsiening maak.

In die vorige werksblad het ons gekyk na vraagstelling en data-insameling. Die volgende stap in die datahanteringsproses is om die ingesamelde data te organiseer.



Ons kan die data organiseer deur die volgende te gebruik:

Tellings
||||| = 8

Die **telling** is 'n manier om data te tel sodat dit maklik in 'n tabel vertoon kan word. 'n Tellingmerk word gebruik om tred te hou met die tellery.

Frekwensietabelle

'n Frekwensietabel het rye en kolomme. Wanneer die stel datawaardes versprei is, is dit moeilik om 'n frekwensietabel vir elke datawaarde te teken omdat daar te veel rye in die tabel sal wees. Ons **groepeer** dus die data in **klasintervalle** (of groepe) om ons te help om die data te organiseer, ontleed en interpreteer.

Stingel-en-blaar-tabelle

Stingel-en-blaar-tabelle (stippels) is spesiale tabelle waarin elke datawaarde verdeel is in "blaar" (gewoonlik die laaste syfer) en 'n "stingel" (die ander syfers). Die "stingel"-waardes word afwaarts gelys, en die "blaar"-waardes is regs (of links) van die stamwaardes. Die "stam" word gebruik om die tellings te groepeer en elke "blaar" dui die individuele tellings binne elke groep aan.

Voorbeeld:

Frekwensietabelle: Gunsteling kleure van 20 studente is soos volg:

Kleur	Tellings	Frekwensie
Pers		4
Blou		8
Groen		3
Rooi		5

1. Dit is punte wat leerders behaal vir 'n toets wat uit 10 punte tel.

6 7 5 7 7 8 7 6 9 7
4 10 6 8 8 9 5 6 4 8

Bied hierdie inligting in 'n frekwensietabel aan.

Frekwensietabelle vir groot hoeveelhede data

Voorbeeld: Die beste manier om die data in 'n tabel of grafiek op te som is om die moonlike opsies in groepe of kategorieë saam te groepeer. Byvoorbeeld, in plaas daarvan om in ons tabel 100 rye vir eksamenpunte uit 100 te hê, kan ons dit beperk tot vyf rye deur die tellings soos volg saam te groepeer: tellings tussen 0-20; 21-40; 41-60; 61-80; 81-100.

Kyk na hierdie tabel met eksamenuitslae en teken 'n telling- en frekwensietabel met vyf kategorieë: 0-20, 21-40, 41-60, 61-80, 81-100.

Naam	Eksamenpunte-totaal	Naam	Eksamenpunte-totaal
Denise	55	Elias	65
John	45	Simon	30
Jason	85	Edward	25
Mandla	60	Susan	47
Brenda	79	James	64
Opelo	59	Nhlanhla	77
Lisa	53	Lauren	49
Gugu	90	Tefo	60
Sipho	63	Alicia	46
Lerato	51	Betty	73


Oplossing

Eksamenpunte-totaal	Telling	Frekwensie
0-20		
21-40		2
41-60		10
61-80		6
81-100		2

Uit hierdie tabel is dit maklik om te sien dat die meeste leerders tussen 41% en 60% in die eksamen behaal het. Twee leerders het die eksamen gedruip, omdat hulle tussen 0% en 40% behaal het, en twee leerders het met onderskeiding geslaag, omdat hulle tussen 81 en 100% behaal het.

2. Die getal oproepe per dag van motoriste wat padbystanddiens versoek het, is vir 'n maand lank aangeteken. Die resultate was soos volg:

28	122	217	130	120	86	80	90	120	140
70	40	145	187	113	90	68	174	194	170
100	75	104	97	75	123	100	82	109	120
81									



Teken 'n frekwensietabel vir hierdie stel datawaardes. Gebruik gegroepeerde data, wat in vyf groepe met intervalle van 40 gegroepeer is.

3. Teken 'n stingel-en-blaar-tabel van die ondersoek data vanuit die voorbeeld vir vraag 1 op die vorige bladsy:

Voorbeeld: Dit sal soos volg lyk:

Stingel	Blaar
2	5

Stingel 2
Blaar 5

Stingel	Blaar
2	5
3	0
4	5 6 7 9
5	1 3 5 9
6	0 0 3 4 5
7	3 7 9
8	5
9	0

Hoe om 25 te verdeelen en te plaats.

Nou is dit maklik om te sien dat die meeste leerders se tellings in die 60s was (meeste blare).
Twee het 60 gekry (stingel 6 en $2 \times$ blare van 0),
een het 63 gekry,
een het 64 gekry en
een het 65 gekry.

Doen thuis:

1. Jy het data ingesamel deur kinders in jou klas uit te vra oor hul gunstelingsport.

Die resultate is as volg:

Naam	Gunstelingsport	Naam	Gunstelingsport
Denise	Netbal	Elias	Sokker
John	Basketbal	Simon	Rugby
Jason	Sokker	Edward	Basketbal
Mandla	Krieket	Susan	Sokker
Brenda	Krieket	James	Basketbal
Opelo	Rugby	Nhlanhla	Rugby
Lisa	Sokker	Lauren	Tennis
Gugu	Tennis	Tefo	Rugby
Sipho	Rugby	Alicia	Sokker
Lerato	Netbal	Betty	Netbal

Teken 'n tabel wat telling en frekwensie toon.

2. Jy het die afgelope maand die maksimum temperature per dag aangeteken.


Die resultate is as volg:



28	27	27	26	30	31	30	31	29	28
27	26	24	22	19	19	22	23	24	24
26	27	28	29	30	30	29	28	27	27
27									

a. Teken 'n frekwensietabel vir hierdie stel datawaardes. Gebruik gegroepeerde data, wat in ses groepe met intervalle van twee gegroepeer is.

b. Teken 'n singel-en-blaar-tabel van die aangetekende data.



Voorbeeld:

Lengte van leerders in cm									
150	152	143	146	135	145	151	139	141	161
158	148	144	146	155	159	165	149	139	153
146									

Ons moet eers die **variasiewydte** van die data bepaal. Die **variasiewydte** is die **verskil tussen die grootste en kleinste getal**.

Grootste getal = 165

Kleinste getal = 135

Verskil = grootste getal – kleinste getal

$$= 165 - 135$$

$$= 30$$

Dus is die **variasiewydte** van hierdie stel getalle 30.

Lengte van leerders	Telling	Frekwensie
135-140	///	3
141-145	////	4
146-150	////	6
151-155	////	4
156-160	///	2
161-165	///	2

Uit die data en die frekwensietabel stel ons vas dat die lengte van leerders wissel van 135 cm tot 165 cm. Ons weet ook dat 21 leerders aan die opname deelgeneem het en dat die meeste leerders in die groep van 146 cm tot 150 cm val.

Uit hierdie data kan ons ook die **gemiddelde**, **mediaan** en **modus** bereken.

Gemiddelde

Die **gemiddelde** is die totaal van die getalle gedeel deur hoeveel getalle daar is.

Dit is die algemeenste gemiddelde waarna ons normaalweg verwys en wat ons op ons rapporte gebruik.

135	139	139	141	143	144	145	146	146	148	149	150	151	152	153	155	158	159	161	165
-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----

As ons al 21 getalle in ons datavariasiewydte optel, kry ons 3 125.

$$3\,125 \div 21 = 148,8$$



Dus is die **gemiddelde vir hierdie datavariasiewydte 148,8**.

Mediaan

Die **mediaan** is die middelwaarde. In ons variasiewydte het ons 21 rekords.

Om die mediaan (middelwaarde) te bereken, rangskik ons die data van klein na groot en tel dan tot by die middelwaarde.

Die mediaan of middelwaarde in ons datavariasiewydte sal die 11^{de} getal wees.

135	139	139	141	143	144	145	146	146	148	149	150	151	152	153	155	158	159	161	165
-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----

Dus is die **mediaan vir hierdie datavariasiewydte 148**.

Modus

Die modus is die waarde wat die meeste voorkom.

Kom ons rangskik die data van klein na groot:

135	139	139	141	143	144	145	146	146	148	149	150	151	152	153	155	158	159	161	165
-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----	-----

Die waarde wat die meeste voorkom is 146.

Dus is die **modus vir hierdie datavariasiewydte 146**.

1. Gebruik die datastel hieronder en bereken:

3, 13, 7, 5, 21, 23, 39, 23, 40, 23, 14, 12, 56, 23, 29

a. Die variasiewydte

b. Die gemiddelde

c. Die mediaan

d. Die modus

2. Sipho het sewe wiskundetoetse geskryf en tellings van 68, 71, 71, 84, 53, 62 en 67 behaal. Wat was die mediaan en modus van sy tellings?

3. Wat is die gemiddelde van hierdie getalle: 18, 12, 10, 10, 25?

4. Die gemiddelde van drie getalle is 8. Twee van die getalle is 11 en 7. Wat is die derde getal?

5. Die temperatuur in grade Celsius oor vier dae in Julie was 21, 21, 19 en 19. Wat was die gemiddelde temperatuur?

6. Wat is die modus van hierdie getalle: 75, 78, 75, 71, 78, 25, 75, 29?

7. Vyf kinders se lengte is onderskeidelik 138 cm, 135 cm, 140 cm, 139 cm en 141 cm. Wat is die variasiewydte van hul lengte?

8. Wat is die mediaan van hierdie getalle: 2, 4; 2, 8; 2, 3; 2, 9; 2, 9?

9. Die koste van vyf koeke is R28, R19, R45, R45, R15. Wat is die mediaankoste?

10. Wat is die variasiewydte van hierdie groep getalle: 75, 39, 75, 71, 79, 55, 75, 59?

11. Wat is die mediaan van hierdie getalle: 10, 3, 6, 10, 4, 8?

Doen dit op jou eie.

Die volgende is die toetsuitslae van 20 leerders, aangebied in die vorm van 'n singelen-blaar-voorstelling.

Stingel	Blaar
2	5
3	0
4	5 6 7 9
5	1 3 5 9
6	0 0 3 4 5
7	3 7 9
8	5
9	0

Let Wel:

In die geval van 'n ewe aantal getalle sal die mediaan die waarde wees wat halfpad tussen die middelste paar getalle is wat van klein na groot gerangskik is.



1. Gebruik hierdie data om die volgende te vind:

- Variasiewydte
- Gemiddelde
- Mediaan
- Modus

2. Teken 'n gegroepeerde frekwensietabel met 'n telling- en frekwensiekolom.

Jy kan 'n staafgrafiek gebruik om data aan te teken.




1. Gebruik die frekwensietabel hieronder om 'n staafgrafiek te teken. Gebruik jou staafgrafiek en skryf drie waarnemings neer oor die data wat in die grafiek voorgestel word.

Gunstelingvrug	Telling	Frekwensie
Appels	///	3
Lemoene	////	4
Druie	////	6
Piesangs	////	4
Kiwi	///	2
Aarbeie	///	2

Stappe om 'n staafgrafiek te teken

1. Om 'n staafgrafiek te teken moet jy met jou **frekwensietabel** begin.
2. Uit die frekwensietabel, besluit op die **variasiewydte** en **skaal** van die frekwensiedata-as (**vertikale as**) en die gegroepeerde data-as (**horisontale as**).
3. Teken die **vertikale** en **horisontale asse** en **benoem** hulle.
4. Skryf die **grafiekopskrif** boaan.
5. **Teken die data aan op die grafiek** vir elke datagroep en **teken die grafiek**.
6. Dui die kleur of skakering van die grafiek in die **legende** (sleutel) aan (as 'n legende vereis word).

2. Lees die data krities wat in hierdie staafgrafiek uitgebeeld word en interpreteer dit.



Beantwoord die volgende vrae:

- a. Hoeveel leerders is in die klas?

b. Watter vervoermetode is die gewildste?

c. Watter metode is die minste in gebruik?

d. Hoeveel meer leerders gebruik die bus as die taxi?

e. Hoekom dink jy gebruik meer leerders die bus as die taxi?

f. Dink jy die meeste leerders woon ver van of naby die skool?

g. Watter persentasie leerders gebruik openbare vervoer?

Probeer nou self.

Gebruik die data wat ingesamel is gedurende 'n opname oor leerders se gunstelingvakke.

- Teken 'n frekwensietabel deur tellings te gebruik.
- Teken 'n staafgrafiek deur jou frekwensietabel te gebruik.
- Interpreteer jou grafiek en skryf minstens vyf gevolgtrekkings.

Naam	Gunstelingvak
Peter	Wiskunde
John	Kuns
Mandla	Geskiedenis
Bongani	Wetenskap
Nandi	Wetenskap
David	Wiskunde
Gugu	Geskiedenis
Susan	Kuns
Sipho	Wiskunde
Lebo	Wiskunde
Ann	Geskiedenis
Ben	Wiskunde
Zander	Wetenskap
Betty	Geskiedenis
Lauren	Kuns
Alice	Wiskunde
Veronica	Tale
Jacob	Wiskunde
Alicia	Geskiedenis
Thabo	Tale

Jy kan 'n dubbele staafgrafiek gebruik om data aan te teken.

Dubbele staafgrafiek
'n Dubbele staafgrafiek is soortgelyk aan 'n gewone staafgrafiek, maar gee twee stukke verwante inligting vir elke item op die vertikale as in plaas van slegs een.

Hierdie tipe uitstalling stel ons in staat om twee verwante groepe data te vergelyk, en om vinnig vergelykings oor die data te maak.



Datahanteringsiklus




Voorbeeld:

Die volgende frekwensietabel toon die aantal volwasse en kinderbesoekers aan 'n park. Konstrueer 'n sy-aan-sy dubbele staafgrafiek vir die frekwensietabel.

Besoekers aan die park				
	April	Mei	Junie	Julie
Volwassenes	300	500	250	200
Kinders	250	350	100	50

Onthou:


Die twee stelte data op 'n dubbele staafgrafiek moet met mekaar verband hou.



1. Die resultate van eksamen- en praktiese werk deur 'n klas word in die tabel hieronder getoon.

Naam	Prakties	Eksamen	Naam	Prakties	Eksamen
Denise	60	65	Elias	55	45
John	63	60	Simon	30	75
Jason	50	50	Edward	65	59
Mathapelo	80	75	Susan	65	75
Bedrix	46	64	Philip	72	75
Opelo	63	53	Ben	46	72
Lisa	51	59	Lauren	31	41
Gugu	67	76	Tefo	75	65
Sipho	81	80	Alicia	63	58
Lorato	78	81	Masa	51	53

a. Teken 'n frekwensietabel deur tellings te gebruik.



b. Teken 'n dubbele staafgrafiek wat die leerders se praktiese punte met hul eksamenpunte vergelyk.

c. Interpreteer jou grafiek en skryf vyf gevolgtrekkings neer.

Doen dit self.

Gebruik die data wat tydens die opname oor leerders se gunstelingvakke ingesamel is.

- a. Teken 'n frekwensietabel deur tellings te gebruik. Verdeel die verskillende vakke tussen meisies (groen) en seuns (blou).
- b. Teken 'n dubbele staafgrafiek deur jou frekwensietabel te gebruik, en vergelyk die voorkeure van meisies en seuns.
- c. Interpreteer jou grafiek en skryf minstens vyf gevolgtrekkings neer.
- d. Hoe vergelyk jou gevolgtrekkings met dié van die vorige probleemoplossingsaktiwiteit waar ons dieselfde data gebruik het?

Naam	Gunstelingvak	Naam	Gunstelingvak
Peter	Wiskunde	Ann	Geskiedenis
John	Kuns	Ben	Wiskunde
Mandla	Geskiedenis	Zander	Wetenskap
Bongani	Wetenskap	Betty	Geskiedenis
Nandi	Wetenskap	Lauren	Kuns
David	Wiskunde	Alice	Wiskunde
Gugu	Geskiedenis	Veronica	Tale
Susan	Kuns	Jacob	Wiskunde
Sipho	Wiskunde	Alicia	Geskiedenis
Lebo	Wiskunde	Thabo	Tale

'n Mens kan 'n histogram gebruik om data aan te teken.



Histogram

'n **Histogram** is 'n bepaalde soort **staafgrafiek** wat datapunte opsom wat in verskillende variasiewydtes val.

Die belangrikste verskil tussen 'n normale staafgrafiek en 'n histogram is dat 'n staafgrafiek jou die frekwensie van elke element in 'n stel data wys, terwyl 'n histogram jou die frekwensie van 'n variasiewydte data wys.

In 'n histogram moet die stawe aan mekaar raak, omdat die data-elemente wat ons aanteken **gegroepeerde getalle** is, en 'n **kontinue variasiewydte van links na regs** vorm.

Voorbeelde van 'n gewone staafgrafiek en 'n histogram

Tabel A


Gunstelingkleur	Telling	Frekwensie
Blou	///	3
Rooi	////	4
Groen	//// /	6
Geel	////	4
Pienk	///	2
Pers	///	2

Wat is die verskil tussen die twee frekwensietabelle?

In Tabel A dek die frekwensie individuele items (Blou, Rooi, Groen, Geel, Pienk en Pers).


In Tabel B dek die frekwensie 'n variasiewydte (135 tot 165 – verdeel in kleiner groepe, bv 135-140, 141-145, 146-150, 141-155, 156-160 en 161-165).

Stadgrafiek vir Tabel A



In die grafiek vir Tabel A verteenwoordig elke staaf 'n ander kenmerk. Die lengte van die staaf dui die getal mense aan wat daardie spesifieke kleur as hul gunsteling gekies het.

Histogram vir Tabel B



In die grafiek vir Tabel B verteenwoordig al die stawe een kenmerk. Die wydte van die staaf verteenwoordig die variasiewydte en die hoogte dui op die getal mense wie se lengte binne daardie spesifieke variasiewydte val.

Kom ons kyk nou hoe 'n mens 'n histogram konstrueer.

Kom ons werk met die volgende stel getalle: 3, 11, 12, 12, 19, 22, 23, 24, 25, 27, 29, 35, 36, 37, 45, 49 (Ons kan uitwerk dat die **gemiddelde** 26.5, die **mediaan** 24.5 en die **modus** 12 is.)

In die meeste datastelle is byna alle getalle uniek en 'n grafiek wat toon hoeveel ene, hoeveel twee, ensovoorts, daar is, sal data op 'n sinvolle wyse uitbeeld.

In plaas daarvan groepeer ons die data in gerieflike variasiewydtes, wat klasse/intervalte genoem word. In hierdie voorbeeld gaan ons die data groepeer in blikke met 'n wydte van 10 elk. As ons die grootte van die klas verander, sal dit die voorkoms van die grafiek verander.


Ons teken eers 'n frekwensietabel met die datavariasiewydte wat in die verskillende klasse verdeel is.

Dan hou ons telling van die data deur dit in die korrekte klas te plaas.

Datavariasiewydte	Telling	Frekwensie
0-10		
11-20		
21-30		
31-40		
41-50		

Datavariasiewydte	Telling	Frekwensie
0-10	/	1
11-20	///	3
21-30	//// /	6
31-40	////	4
41-50	///	2

Ten slotte kan ons die histogram teken deur die klasse op die horisontale asse en die frekwensie op die vertikale asse te plaas.



Onthou dat ons histogramme gebruik om groot datastelle grafies op te som. 'n Histogram help jou om te sien waar die meeste van die metings geleë is en hoe uitgesprei dit is.

In die voorbeeld hierbo kan ons sien dat die meeste data binne die klas 21-30 val en dat daar baie min afwyking van die gemiddelde van 26,5 en die mediaan van 24,5 is.

1. Gebruik die volgende data om 'n histogram te teken.

30, 32, 11, 14, 40, 37, 16, 26, 12, 33, 13, 19, 38, 12, 28, 15, 39, 11, 37, 17, 27, 14, 36

a. Wat is die gemiddelde, mediaan en modus?

b. Voltooi die frekwensietabel. Maak die klasse 5 in grootte, wat van 11 tot 40 wissel.

c. Teken die histogram.


Probleemoplossing

Jy het 'n opname gemaak van hoeveel kere jou klasmaats na 'n ander provinsie gereis het. Jy het die volgende data ingesamel:

21, 0, 0, 7, 0, 1, 2, 12, 2, 3, 3, 4, 4, 6, 9, 10, 25, 18, 11, 20, 3, 0, 0, 1, 5, 6, 7, 15, 18, 21, 25



Teken 'n frekwensietabel en daarna 'n histogram deur hierdie datastel te gebruik. Maak die blikke 3 in grootte. Wat kan jy ons oor jou opname vertel deur die histogram te bestudeer?

Die waarde van **histogramme** is gedeeltelik dat hulle ons in staat stel om uiters groot stelle data te ontleed deur hulle tot 'n enkele grafiek te reduiseer wat die belangrikste pieke in die data kan aantoon, en ook 'n visuele voorstelling gee van die belangrikheid van die statistiek wat deur daardie pieke voorgestel word.



Hierdie grafiek verteenwoordig data met 'n goed omskreewende piek wat naby die mediaan en die gemiddelde is. Hoewel daar uitskieters is, is die frekwensie daarvan redelik laag. Daar kan dus gesê word dat afwykings van die gemiddelde in hierdie datagroep 'n lae frekwensie het.

- Hierdie twee histogramme is opgestel in 'n poging om te bepaal of William Shakespeare se dramas werklik deur sir Francis Bacon geskryf is. 'n Navorsers het besluit om die lengte van die woorde in Shakespeare en Bacon se geskrifte te tel. As die dramas deur Bacon geskryf is, behoort die lengte van woorde wat gebruik is in groot mate ooreen te stem.



- Watter persentasie van al Shakespeare se woorde bestaan uit vier letters?



- Watter persentasie van al Bacon se woorde bestaan uit vier letters?

- Watter persentasie van al Shakespeare se woorde is langer as vyf letters?

- Watter persentasie van al Bacon se woorde is langer as vyf letters?

- Op grond van hierdie histogramme, dink jy dat William Shakespeare regtig bloot 'n skuilnaam vir sir Francis Bacon was? Verduidelik.

2. Die twee histogramme toon die slaapgewoontes van tieners by twee verskillende hoërskole. Maizeland Hoërskool is 'n klein plattelandse skool met 100 leerders en Urbandale Hoërskool is 'n groot stadskool met 3 500 leerders.



- a. Ongeveer watter persentasie van die studente by Maizeland kry minstens agt ure slaap per nag?

- b. Ongeveer watter persentasie van die studente by Urbandale kry minstens agt ure slaap per nag?

- c. Watter hoërskool het meer studente wat tussen nege en tien ure slaap per nag?

- d. Watter hoërskool het 'n hoër slaaptymediaan?

- e. Maizeland se persentasie studente wat tussen agt en nege ure slaap per nag kry is _____% meer as dié van Urbandale.


Probleemoplossing

Die tabel hieronder toon die ouderdomme van die aktrises en akteurs wat gedurende die eerste 30 jaar van die Academy Awards 'n Oscar vir beste aktrise of akteur ontvang het. Gebruik die data uit die tabel om twee histogramme te teken (een vir wenner-aktrises se ouderdomme en een vir wenner-akteurs se ouderdomme). Gebruik blikwyttes van tien jaar (0-9; 10-19; 20-29, ens.)

Jaar	Ouderdom van wenner-aktrise	Ouderdom van wenner-akteur
1928	22	42
1929	36	40
1930	28	62
1931	62	53
1932	32	35
1933	24	34
1934	29	33
1935	27	52
1936	27	41
1937	28	37
1938	30	38
1939	26	34
1940	29	32
1941	24	40
1942	34	43
1943		24
1944		29
1945		37
1946		30
1947		34
1948		34
1949		33
1950		28
1951		38
1952		45
1953		24
1954		26
1955		47
1956		41
1957		27

Skryf 'n kort paragraaf waarin jy bespreek wat jou twee histogramme onthul.

'n Mens kan 'n sektorgrafiek gebruik om data aan te teken.



Sektorgrafiek




'n **Sektorgrafiek** is 'n sirkelvormige grafiek waarbinne die sirkel in sektore verdeel is.

Elke sektor verteenwoordig visueel 'n item in 'n datastel om as 'n persentasie of breuk van die totale datastel by die hoeveelheid van die item te pas.

Sirkeldiagramme is nuttig om verskillende dele van 'n hele hoeveelheid te vergelyk. Dit word dikwels gebruik om begrotings en ander finansiële inligting aan te bied.

Voorbeeld: Kyk na hierdie voorbeeld van Suid-Afrika se Nasionale begroting van 2008/09.

SA Begroting 2008/9



Dit is soos om 'n pastei in snye te sny. Die hele pastei is altyd 100%, maar snye kan verskillende groottes wees.



1. Beantwoord die volgende vrae.

- Word die sektore altyd as persentasies aangedui?
- Is dit altyd altesame 100%?
- Wat was die grootste uitgawe in die Suid-Afrikaanse begroting?
- Wat was die kleinste uitgawe in die Suid-Afrikaanse begroting?


2. Teken 'n sektorgrafiek wat die verskillende bestanddele van 'n sampioenpizza aandui (soos hier gelys):

Vleis 75 g
Kaas 250 g
Kors 500 g
Tamatie 125 g
Sampioene 50 g



3. Teken 'n sektorgrafiek om jou besteding vir die week aan te toon:

Uitgawe	Waarde
Huur	300
Kos	225
Vervoer	75



Afval!


Tans genereer elke persoon in Suid-Afrika ongeveer 2 kg vaste afval per dag.

Hierdie tabel toon die verskillende kategorieë vaste afval en die hoeveelheid wat per dag in gram genereer word.

Teken 'n sektorgrafiek om hierdie inligting voor te stel.

Afval-kategorie	Afval per dag per persoon genereer (gram)
Plastiek	240
Glas	120
Papier	600
Metaal	200
Organies	600
Nieherwinbaar	240






1. Gebruik die inligting uit hierdie opname oor gunstelingkleur en skryf 'n verslag wat die data opsom en gevolgtrekkings maak.

Naam	Gunstelingkleur	Naam	Gunstelingkleur
Jacob	Oranje	Ann	Rooi
John	Blou	Simon	Oranje
Betty	Groen	Edward	Blou
Mandla	Oranje	Susan	Blou
Lebo	Blou	Thabo	Rooi
Bongani	Blou	Ben	Blou
Lisa	Rooi	Grace	Blou
Gugu	Blou	Nandi	Rooi
Sipho	Groen	Wendy	Oranje
Lorato	Rooi	Alice	Groen

Kleur	Telling	Frekwensie
Oranje		4
Blou		8
Groen		3
Rooi		5

Studente se gunstelingkleure



Kleur	Telling	Frekwensie
Oranje		4
Blou		8
Groen		3
Rooi		5

Gunstelingkleure



a. Doel:

Dit is die oorkoepelende doel van die projek.

b. Hipotese:

'n Spesifieke stelling of voorspelling wat jy as waar of onwaar kan bewys.

MaaK data bekend vervolg

c. Plan (om die data in te samel):

Watter data het jy nodig?

Van wie sal jy dit bekom?

Hoe sal jy dit insamel?

Hoe sal jy dit aanteken?

Hoe sal jy verseker dat die data betroubaar is?

Hoekom? Verstrek redes vir die keuses wat jy gemaak het.

d. Ontleding

- Dit is waar jy die berekeninge maak en diagramme teken. Grafieke is nuttig om data visueel uit te beeld.
- Let op gemiddelde en mediaan (nie toepaslik in hierdie studie nie).
- Let op die variasiewydte as 'n maatstaf van hoe uitgesprei die groep is (nie toepaslik in hierdie studie nie).

e. Gevolgtrekkings:

Stem jou resultate ooreen met die hipotese?

Hoe selfversekerd is jy?

Wat het verkeerd geloop? Hoe het jy dit hanteer?

Wat sou jy anders doen as jy weer die navorsing sou doen?

f. Bylaes:

Dit is goeie praktyk om 'n afskrif van die vraelys in te sluit indien een bestaan. Die bylaes kan ook tabelle insluit wat verband hou met steekproefseleksie, instruksies aan onderhoudoers, ensovoorts.


g. Verwysings:

As jy enige sekondêre data of navorsing gebruik het, moet jy jou bronne hier erken.

Probeer nou die volgende!

Gebruik die gunsteling-onderwerp-opname en skryf 'n verslag oor die bevindings. Sluit 'n frekwensietabel, grafieke en gevolgtrekkings in.

Naam	Gunsteling onderwerp	Naam	Gunsteling onderwerp
Peter	Wiskunde	Ann	Geskiedenis
John	Kuns	Ben	Wiskunde
Mandla	Geskiedenis	Zander	Wetenskappe
Bongani	Wetenskappe	Betty	Geskiedenis
Nandi	Wetenskappe	Lauren	Kuns
David	Wiskunde	Alice	Wiskunde
Gugu	Geskiedenis	Veronica	Taal
Susan	Kuns	Jacob	Wiskunde
Sipho	Wiskunde	Alicia	Geskiedenis
Lebo	Wiskunde	Thabo	Taal

**Datahantering**

Datahantering is 'n proses waarvolgens data ingesamel, georganiseer, uitgebeeld, ontleed en geïnterpreteer word.

Die visuele uitbeelding of voorstelling van data is baie belangrik.

Hierdie taak strek oor twee werkblaaie.

Is die handspan van Graad 7-meisies kleiner as dié van seuns in dieselfde graad? Is daar 'n verband tussen 'n persoon se lengte en handspan?

1. Kies jou navorsingspan.

Name van jou navorsingspan:



2. Wat is die doel van jul navorsing?

3. Wat is jul hipotese?

4. Vrae wat julle met jul beplanning kan help:

a. Watter data het julle nodig?

b. Van wie sal julle dit kry?

c. Hoe sal julle dit insamel?

d. Hoe sal julle dit aanteken?

e. Hoe sal julle verseker dat die data betroubaar is?

f. Waarom? Verstrek redes vir jou keuses.

Jou groep sal 'n geleendheid kry om jul doelstelling, hipotese en plan aan die res van die klas voor te lê.

Sodra al die navorsingspanne hul planne voorgelê het, sal julle die kans kry om jul planne te verander op grond van dit wat julle by die ander spanne gehoor het.

Ons veranderinge is:

Ons hersiene plan is:

Voorbereiding

Noudat jul plan ingedien is, behoort julle te begin om die nodige data in te samel en aan te teken.



Is die handspan van Graad 7-meisies kleiner as dié van seuns in dieselfde graad?
Is daar 'n verband tussen 'n persoon se lengte en handspan?

- [illegible]

- Journal Pre-proof

- Journal Pre-proof

- [illegible]

Interpreteer jul grafieke en tabelle en skryf 'n verslag onder die volgende opskrifte:

1. Doelstelling
2. Hipotese
3. Plan
4. Ontleding/analyse
5. Interpretatie
6. Gevolgtrekkings
7. Bylaes
8. Verwysings

Wat is die moontlike uitkomst wanneer julle hierdie dobbelsteen gooi?
Wat is die moontlike getalle waarop die dobbelsteen kan land?



Die moontlike uitkomst is:
1, 2, 3, 4, 5 en 6.

Hoekom is dit
die moontlike
uitkomst?



1.a. Watter kans het jy om op ____ te land? Skryf dit as 'n breuk.

6	2	3
1	5	4

1.b. Watter kans het jy om op ____ te land? Skryf dit as 'n breuk.

geel	groen	blou
rooi	pers	oranje

- i. 2 ____
ii. 5 ____
iii. 3 ____
iv. 6 ____
v. 4 ____
vi. 1 ____
vii. 2 en 3 ____
viii. 1, 3 en 4 ____
ix. 2, 4 en 7 ____
x. 1, 2, 3, 4 en 5 ____

- i. Blou ____
ii. Rooi ____
iii. Pers ____
iv. Oranje ____
v. Geel ____
vi. Groen ____
vii. Blou en geel ____
viii. Groen en rooi ____
ix. Pers, rooi en blou ____
x. Oranje, rooi, blou, groen en geel
1, 2, 3, 4 en 5 ____

2. As die moontlike uitkomst die volgende is, hoeveel aansigte het jou dobbelsteen of dobbelstene?

a. 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8

b. Groen, blou, geel en rooi

c. Die moontlikheid is $\frac{1}{4}$ om op 3 te land.

d. Die moontlikheid is $\frac{1}{12}$ om op 6 te land.

3. Maak jou eie dobbelsteen wat ____ moontlike uitkomst sal hê.

a. Vier

Wat is die moontlike uitkomst?

b. Tweadlf


Wat is die moontlike uitkomst?

Probleemoplossing

'n Sirkel is in 'n aantal segmente verdeel. Elke segment het 'n nommer. Wat is die moontlike uitkomst vir die volgende?

- sirkel in ses gelyke dele verdeel
- sirkel in agt gelyke dele verdeel
- sirkel in twee gelyke dele verdeel

Dit is 'n waarskynlikheidskaal:




Lees die volgende stellings. Waar sou jy dit op die waarskynlikheidskaal plaas?

- Die son sal môre opkom.
- Ek hoef nie hard te leer vir wiskunde nie.
- As ek 'n muntstuk opskiet, sal dit op munt val

As ek 'n muntstuk opskiet, is die waarskynlikheid $\frac{1}{2}$, 0,5 of 50% dat dit op kruis of munt sal val. Wat beteken dit?

Ons kan woorde, breuke en/of desimale gebruik om die waarskynlikheid dat iets sal gebeur aan te dui.

'n Breukwaarskynlikheidslyn word soos volg aangedui:



- Plaas hierdie woorde in die korrekte plek op die waarskynlikheidslyn: seker, onmoontlik, waarskynlik, onwaarskynlik, gelyke kans



- Plaas hierdie getalle in die korrekte plek op die waarskynlikheidslyn: 50%, 75%, 25%, 100% en 0%


Onthou dat waarskynlikheid altyd as 'n breuk, persentasie of desimaal tussen 0 en 1 uitgedruk word.

Byvoorbeeld: $\frac{1}{4}$, 25% of 0,25 is almal maniere om aan te dui dat daar een kans uit vier is.



- Wat is die waarskynlikheid om op elke getal op die bord te land?


1 = _____
 2 = _____
 3 = _____
 4 = _____
 5 = _____
 6 = _____



- Op watter getal sal jy die waarskynlikste land? _____
- Wat is die kans om op 'n gelyke getal te land? _____

- Dui die volgende op die waarskynlikheidskaal aan.

Voorbeeld: Die waarskynlikheid om op 4 op 'n bord met vier gelyke dele te val.



- Die waarskynlikheid om op kruis te val as jy 'n muntstuk opskiet.
- Die waarskynlikheid van 'n enkele bal wat ewekansig uit 'n emmer met vier balle gekies word.
- Die waarskynlikheid van drie lekkers wat uit 'n pakkie met vier lekkers gekies word.

- Skryf bogenoemde as desimale en dan as persentasies.

- a. _____
- b. _____
- c. _____

Probleemoplossing

Wat is die waarskynlikheid dat 'n persoon een lekker uit 'n pakkie met vier lekkers haal? Skryf dit in woorde, breuke, desimale en persentasies.

Soms kan ons nie sê wie sal wen nie, maar ons kan na vorige uitslae kyk om die waarskynlikheid te skat.

Kyk na hierdie voorbeeld: die blou en rooi spanne het 50 wedstryde gespeel.

Die rooi span het 30 van die 50 wedstryde gewen.

Die blou span het 10 van die 50 wedstryde gewen.

Die twee spanne het 10 wedstryde gelykop gespeel.

- Wat is die waarskynlikheid dat die rooi span die wedstryd wen? Die kans/waarskynlikheid is $\frac{30}{50} = \frac{3}{5}$ of 60%
- Wat is die waarskynlikheid dat die blou span die wedstryd wen? Die kans/waarskynlikheid is $\frac{10}{50} = \frac{1}{5}$ of 20%

Dit is die formule vir relatiewe frekwensie.

$$\text{Relatiewe frekwensie} = \frac{\text{getal suksesvolle pogings}}{\text{totale getal pogings}}$$

1. Bereken die relatiewe frekwensie.

a.

Gebooterde sny roosterbrood val 20 keer.	Land 16 keer met gebooterde kant na onder.	Land vier keer met gebooterde kant na bo.
	$\frac{16}{20} = \frac{80}{100}$ of 80%	$\frac{4}{20} = \frac{20}{100}$ of 20%

i. Wat is die relatiewe frekwensie dat die brood met gebooterde kant na onder val?

ii. Wat is die relatiewe frekwensie dat die brood met gebooterde kant na bo val?

b.

Muntstuk word 100 keer opgeskiet.	Land 60 keer op kruis	Land 20 keer op munt
	Relatiewe frekwensie	Relatiewe frekwensie

c.

'n Seskantige dobbelsteen word 100 keer geroel.	Dit het 1 keer op 21 geland.	Dit het 2 keer op 18 geland.	Dit het 3 keer op 17 geland.	Dit het 4 keer op 25 geland.	Dit het 5 keer op 10 geland.	Dit het 6 keer op 9 geland.
	Relatiewe frekwensie	Relatiewe frekwensie	Relatiewe frekwensie	Relatiewe frekwensie	Relatiewe frekwensie	Relatiewe frekwensie

Probleemoplossing

Wat is die relatiewe frekwensie wanneer 'n drukspiker 23 keer uit 100 met punt na bo land?

Kyk na die voorbeelde en vergelyk.

Waarskynlikheid



'n Waarskynlikheidskaal kan persentasie-intervalle bevat.

Relatiewe frekwensie

Jy en jou maat skiet 'n muntstuk 100 keer op. Dit land 58 keer op kruis en 42 keer op munt. Wat is die relatiewe frekwensie vir elk?

- Kruis: $\frac{58}{100} = 58\%$
- Munt: $\frac{42}{100} = 42\%$

Wat is die waarskynlikheid dat 'n muntstuk op kruis sal land?

$\frac{1}{2}$ of 50%

Die verskil tussen die waarskynlikheid en die relatiewe frekwensie is $58\% - 50\% = 8\%$

Sal dit altyd die geval wees?

1. Wat is die verskil tussen die waarskynlikheid en relatiewe frekwensie? Gee jou antwoord in persentasie.

a.

Gebotterde sny roosterbrood val 50 keer.	Land 29 keer met gebotterde kant na onder.	Relatiewe frekwensie:
		Waarskynlikheid:

Verskil: _____



b.

Skiet 'n muntstuk 100 keer op.	Land 52 keer op kruis.	Relatiewe frekwensie:
		Waarskynlikheid:

Verskil: _____

c.

Rol 'n 10-kantige dobbelsteen 100 keer.	Land 12 keer op 5.	Relatiewe frekwensie:
		Waarskynlikheid:

Verskil: _____

Probleemoplossing

Gee vyf alledaagse voorbeelde van waarskynlikheid.

1. Werk deur al die werkblaaië vir elke onderwerp en maak jou eie opsommings en aantekeninge.

[illegible][illegible]

Nadat jy hierdie werkblad voltooi het, kan jy met jou onderwyser en/of maats deel wat jy voorheen nie verstaan het nie, maar nou wel verstaan.

vervolg

Hersiening: vorm en ruimte (meetkunde of geometrie)

In hierdie werkblad gaan ons vorm en ruimte (meetkunde of geometrie) hersien.



Hierdie tabel dui aan waar jy inligting oor 'n spesifieke onderwerp kan kry.

Merk ja of nee.

Vorm en ruimte (meetkunde of geometrie)	Werkblaai	Het jy hulp nodig?	
		Ja	Nee
Konstruksie van geometriese figure	R10, 20, 21, 22, 23, 24, 25		
Meetkunde van 2D-figuur	21, 22, 24, 26, 27, 28		
Transformasiemeetkunde	86, 87, 88, 89, 90, 91, 92, 93, 94		
Meetkunde van 3D-voorwerpe	95, 96, 97, 98, 99, 100, 101, 102, 103, 104		

My opsomming en aantekeninge:

1. Werk deur al die werkblaai vir elke onderwerp en maak jou eie opsommings en aantekeninge.

Konstruksie van geometriese figuur	Meetkunde van 2D-figuur
Ruimte om 'n paar tekeninge te maak.	

Transformasiemeetkunde

Meetkunde van 3D-voorwerpe

Ruimte om 'n paar tekeninge te maak.

2. Voeg 'n paar alledaagse voorbeelde vir elke konsep by.

Wat verstaan jy nou?

Nadat jy hierdie werkblad voltooi het, kan jy met jou onderwyser en/of maats deel wat jy voorheen nie verstaan het nie, maar nou wel verstaan.

Merk ja of nee.

Meting	Werkblaai	Het jy hulp nodig?	
		Ja	Nee
Oppervlakte en omtrek van 2D-figuur	R12, 52, 53, 54, 55		
Oppervlakte en volume van 3D-objekte	R14, 56, 57, 58, 59, 60, 61, 62, 63, 64		

In hierdie werkblad hersien ons meting.



Hierdie tabel dui aan waar jy ingang oor 'n spesifieke onderwerp kan kry.

My opsomming en aantekeninge:

1. Werk deur al die werkblaai vir elke onderwerp en maak jou eie opsommings en aantekeninge.

Oppervlakte en omtrek van 2D-figuur

Ruimte om 'n paar tekeninge te maak.

Oppervlakte en volume van 3D-objekte

Ruimte om 'n paar tekeninge te maak.

2. Voeg 'n paar alledaagse voorbeelde vir elke konsep by.

Wat verstaan jy nou?

Nadat jy hierdie werkblad voltooi het, kan jy met jou onderwyser en/of maats deel wat jy voorheen nie verstaan het nie, maar nou wel verstaan.

Tekst:

Datum:

In hierdie werkblad hersien ons datahantering.



Hierdie tabel dui aan waar jy inligting oor 'n spesifieke onderwerp kan kry.

Merk ja of nee.

Datahantering	Werkblaai	Het jy hulp nodig?	
		Ja	Nee
Samel data in, organiseer dit en som dit op	R16, 126, 127, 128		
Beeld data uit/stel dit voor	129, 130, 131, 132, 133		
Ontleed, interpreteer en doen verslag oor data	129, 130, 131, 132, 133, 134, 135, 136		
Waarskynlikheid	137, 138, 139, 140		

My opsomming en aantekeninge:

1. Werk deur al die werkblaie vir elke onderwerp en maak jou eie opsommings en aantekeninge.

Samel data in, organiseer dit en som dit op 	Beeld data uit/stel dit voor
--	---

Ruimte om 'n paar tekeninge of meer aantekeninge te maak.

Ontleed, interpreteer en doen verslag oor data 	Waarskynlikheid
---	--

Ruimte om 'n paar tekeninge of meer aantekeninge te maak.

2. Voeg 'n paar alledaagse voorbeelde van datahantering by.

--

Wat verstaan jy nou?

Nadat jy hierdie werkblad voltooi het, kan jy met jou onderwyser en/of maats deel wat jy voorheen nie verstaan het nie, maar nou wel verstaan.

Teken:

Datum: